



**FW de Klerk**  
STIGTING

**GEDENKLESING VAN  
VOORMALIGE PRESIDENT FW DE KLERK  
BY DIE ABO**

**25 NOVEMBER 2016**

**VRYHEID EN REG: WAT BETEKEN DIE ABO-MONUMENT VIR AFRIKANERS VANDAG?**

Aan die voet van die Paarlberg, reg onder die Afrikaanse taalmonument, is ons byeen by 'n monument enig in sy soort in die Wes-Kaap en in 'n sekere sin in Suid-Afrika.

Die ABO-Monument wat fokus op die stryd van die Kaapse Afrikaners, en ander Kolonialers is die "teks" in die "konteks" van die die stryd waarin die Afrikaner in sy wordingsjare vasgevang was.

Die Anglo-Boereoorlog is in 'n sekere sin een van die grootste geskiedkundige gebeurtenisse wat Suid-Afrika ooit getref het. Selfs hier in die Kaap het die burgery moeilike en vernederende tye beleef. Die twee Boererepublieke van Transvaal en die Vrystaat is verwoes.

Afrikaners en lede van ander gemeenskappe wat aan die Boererepublieke hul morele steun gegee het, is deur die Britte en Britsgesindes as "Kaapse Rebelle" gebrandmerk. Hierdie aanvanklike "skelwoord" het later jare 'n *eretitel* geword vir meer as 16 000 mans wat by die Boerekommando's aangesluit het.

Deur die wapen op te neem het hulle die gevaar geloop om te sneuwel, weens hoogverraad opgehang of gefusilleer te word, of so nie hul plase en al hul besittings te verloor.

Vir Groot-Brittanje was dit net nog 'n koloniale uitstappie. Hulle het die oordeelsfout gemaak dat 75 000 soldate genoeg sou wees om die twee klein republieke tot oorgawe te dwing. Op die ou end het hulle 488 000 soldate en meer as 100 000 plaaslike hulp soldate nodig gehad om hul doel te bereik. Dit het die magtigste land, toentertyd ter wêreld, altesame drie jaar geneem om die Boere te verower! Altesame 22 000 Britse troepe het gesterf.

Om dit in perspektief te plaas: dit was die grootste oorlog van die 100 oorloë waarin die Britte tussen die Napoleontiese Oorloë en die Eerste Wêreld Oorlog betrokke was. Dit was veel groter as die Amerikaanse Onafhanklikheidsoorlog waartydens die Britte slegs 65 000 soldate ontplooi het.

Deel van die droewige verhaal is dat 'n beleid van "verskroeiende aarde" toegepas en gevolg is. Om enkele voorbeelde te noem:

- Nagenoeg 35 kerke is met preekstoele, banke en al opgeblaas.



**FW de Klerk**  
STIGTING

- Meer as 30 000 plaasopstalle is afgebrand, die vee is wreedaardig doodgemaak en alle oeste en voedsel is vernietig.
- So wou die Britte die Boerekommando's met gebrek aan perdevoer en noodsaaklike lewensmiddele, uitput.
- In die proses is meer as 110 000 vroue en kinders weggevoer na 34 konsentrasiekampe, waarvan net minder as 28 000 gesterf het.
- In die kampe vir Swartmense, wat die Boeremagte ondersteun het, is daar nog meer vroue en kinders in haglike toestande aangehou, ook met baie sterftes. [Die Engelse bewindhebbers het ongelukkig swak rekords hieroor gehou.]

Die Kapenaars en Bolanders het ook erg onder die oorlog gely. Hulle bewegings is erg ingeperk. Hulle kon nie kom en gaan soos hulle wou nie. Hulle mog hul huise nie saans verlaat nie. Vir alles is 'n permit vereis. Die Engelse het ook beslag gelê op perde, perdekarre en -waens, osse, skape en beeste.

Die Kaapse Rebelle het 'n beduidende rol in die oorlog gespeel. Hulle het sowat 30 000 Britse soldate uit die Republieke na die Kaapkolonie gelok. Sowat 16 000 Rebelle (Kaap, Natal en vrywilligers) het geveg, waarvan 284 gesterf het. 35 Kaapse rebelle is vir hoogverraad gefusilleer. Baie van hulle is uit Suid-Afrika verban en baie het hul plase, vee en al hul besittings verloor.

Die idee en die terrein van die monument roep dit alles in herinnering.

Die vraag wat ons nou moet vra, is wat die toepaslikheid van die ABO-monument vir die Afrikaners in 2016 is?

Wat is die status van die Afrikaners vandag, en wat moet ons nou doen om ons vryheid te bewaar en te verdedig en om die toekoms van ons mense te verseker?

Baie het natuurlik gebeur sedert die gebeure wat by hierdie monument gedenk word.

- Ná die katastrofe van die oorlog het ons mense vasberade uit die as opgestaan en begin om hul lewens te herbou;
- ons het nuwe instellings gestig - met ingebrip van die Nasionale Party - om ons belange te bevorder;
- ná Uniewording in 1910 het ons weereens begin om 'n leidende rol in die politieke lewe van ons land te speel;
- ons het vasgeskop teen Lord Milner se beleid ten opsigte van verengelsing;
- toe ons mense verwoes is deur die droogte en die Groot Depressie het ons saamgestaan en mekaar gehelp om van armoede en ontbering te ontsnap;
- ons het goeie universiteite gestig - die universiteite van Stellenbosch, Pretoria, die Vrystaat, Potchefstroom en die Randse Afrikaanse Universiteit - waar ons ons mense kon opvoed volgens die hoogste internasionale standaarde en waar ons ons unieke taal en kultuur kon ontwikkel;



**FW de Klerk**  
STIGTING

- ons het ons eie taal, Afrikaans, ontwikkel - en amptelike status verkry - wat by 'n ander nabye monument gedenk word;
- ons het onself opnuut verbind tot die ideaal wat ons gelei het toe ons die Kaap in die 1830s verlaat het - tot ons kerndoelwit om in staat te wees om oor onself te regeer as 'n vrye en onafhanklike volk aan die suidelike punt van Afrika;
- regdeur dit alles was ons toegewyd verbind tot ons geloof en het ons ons vertroue in God geplaas.

Dit is die wêreld waarin ek - en die ouer nageslag van Afrikaners wat vandag hier teenwoordig is - gebore is en in grootgeword het.

- My eerste herinneringe is waar ek op my pa se skouers sit toe die hoeksteen van die Voortrekker-monument in 1938 gelê is;
- as 12-jarige seun het ek my pa se blydschap gedeel toe die Nasionale Party die verkiesing in 1948 gewen het;
- As 'n jong man was ek verbind tot die herinstelling van 'n Afrikaner Republiek. Ek het gewerk vir - en was verheug deur - ons sukses in die Republikeinse Referendum in 1960.

Maar soos Harold Macmillan in Maart 1960 uitgewys het, was die wêreld besig om te verander. Die gety van imperialisme was vinnig besig om weg te trek van die vasteland, wat Suid-Afrika toenemend gestrand gelaat het as die laaste staat in Afrika onder wit beheer.

Toe ek 'n jong man was, het ek nie voldoende insig gehad in die ongeregtigheid wat ons verhouding met die ander mense van ons land gekenmerk het nie - met die bruin mense, die Indiërs en die swart meerderheid.

Op 'n vasteland wat steeds deur Europese magte oorheers is, het wit oorheersing geblyk om die norm te wees vir verhoudings tussen swart mense en wit mense. In 'n wêreld wat nog gekenmerk was deur rassediskriminasie en vooroordeel, was ons onsensitief teenoor die flagrante onreg van apartheid.

Met die verloop van tyd - en met die onafhanklikheid van die eerste Afrika state - het ons toenemend ongemaklik geword met die idee van rasse-oorheersing.

Toe Hendrik Verwoerd sy visie aan ons voorgelê het om Suid-Afrika se swart nasies tot volle onafhanklikheid in 'n Suid-Afrikaanse statebond van onafhanklike state te lei - het ek hom entoesiasies - maar naïef, ondersteun omdat dit gelyk het na 'n morele en politieke oplossing ingevolge waarvan al Suid-Afrika se mense die reg op nasionale selfbeskikking sou kon geniet wat ons vir onself geëis het.

Gedurende die laat sewentigs het dit egter duidelik begin word dat aparte ontwikkeling misluk het.



**FW de Klerk**  
STIGTING

Toe PW Botha in 1978 die Eerste Minister geword het, het ek sy siening gesteun - sy standpunt dat ons sou moes aanpas of sterf. Teen 1986 het ons meer as 100 apartheidswette en -maatreëls herroep. Ek het as minister sommige van die wette wat my eie pa in die 1950s en 1960s ingestel het, herroep.

Die eise was teen daardie tyd egter nie meer vir geïntegreerde sportspanne, strande en restaurante nie. Die aandrang het gegaan oor mag - oor een man, een stem-verkiesings wat die swart meerderheid sou bemagtig en die reg van ons mense, die Afrikaners - om uitsluitlik oor onself te regeer - sou beëindig.

Regdeur die 1980s het die leierskap van die Nasionale Party met hierdie probleem geworstel. Ons het al die moontlike opsies oorweeg: bring bruin mense en Indiërs na 'n driekamer-parlement; stel 'n konsosiatiewe demokrasie daar wat die tuislande insluit; en swart stadstate. Nie een van hierdie opsies was egter aanvaarbaar vir die toenemend uitgesproke swart meerderheid en internasionale mening nie.

Teen die einde van die 1960s het die "brave little Boers" - wat so deur Europa en Amerika bewonder is tydens die Anglo-Boere oorlog - een van die mees universeel veroordeelde volke in die wêreld geword.

Ons was vasgevang aan die verkeerde kant van die geskiedenis.

Die geskiedenis het ons geplaas op die rug van die tier van blanke minderheidsheerskappy. Ons is gekonfronteer met die onaanvaarbare vooruitsig dat die behoud van ons soewereiniteit slegs verwesenlik kon word deur die volgehoue ontkenning van die swart meerderheid se ewe geldige reg tot selfbeskikking. Ons het geweet dat hierdie koers onvermydelik sou lei tot 'n hopelose afwaartse spiraal van onderdrukking, ongeregtigheid en konflik. En ons het aan onself erken dat dit moreel onregverdigbaar sou wees om die status quo soos op daardie tydstip te handhaaf.

Die wêreld het geëis dat ons van die tier se rug moes afklim - en het oorhoofs nie juis omgee of ons verorber sou word of nie. Ons het 'n daadwerklike eksistensiële krisis in die gesig gestaar:

- Daar was 'n sterk moontlikheid van 'n kommunistiese oorname - aangesien feitlik al die lede van die ANC se Nasionale Uitvoerende Komitee ook lede van die SAKP was, gesteun deur 'n ekspansionistiese Sowjetunie.
- Dit was onwaarskynlik dat 'een man, een stem'-verkiesings op daardie tydstip sou lei tot die daarstelling van 'n werklik nie-rassige demokrasie. Teen 1985 was daar reeds meer as 80 coup d'états en daar was slegs 'n handvol funksionerende demokrasieë in Afrika.
- En wat sou die toekoms inhou vir ons minderhede, met in begrip van die Afrikaners? Wat sou word van ons taal en kultuur? Wat sou van ons ekonomiese en politieke regte word?

In 1985 het die situasie hopeloos gelyk - maar toe het dinge begin verander:



**FW de Klerk**  
STIGTING

- teen 1987 het ons daarin geslaag om orde in Suid-Afrika te herstel - en die ANC het met aansporing van Nelson Mandela, begin om te aanvaar dat daar nie 'n gewapende revolusionêre oorwinning sou kon wees nie - dat daar onderhandelings sou moes plaasvind.
- In Oktober 1987 het ons gewapende magte die Angolese magte, onder leiding van die Russe en Kubane, 'n verpletterende nederlaag toegedien by die Slag van die Lombarrivier. Dit het gelei tot vredesamesprekings tussen Suid-Afrika, Angola en die Kubane die daaropvolgende jaar, en die onttrekking van 50 000 Kubaanse troepe uit Angola.
- In 1989 was ons toe in staat om die VN se onafhanklikheidsplan vir Namibië in werking te stel. Namibië het onafhanklik geword met 'n behoorlike demokratiese grondwet wat die regte van al sy mense en sy gemeenskappe beskerm het;
- In November 1989 het die val van die Berlynse Muur die ineenstorting van Sowjet-Kommunisme en die oorwinning van liberale demokrasie en vryemark-ekonomiese beginsels ingelui.

Ons het besef dat die omstandighede vir suksesvolle grondwetlike onderhandelings nooit weer so gunstig sou wees nie. So op 2 Februarie 1990 het ons dié geleentheid, wat die geskiedenis skielik vir ons geskep het, aangegryp.

Die grondwet wat ons met ons mede-Suid-Afrikaners onderhandel het, het ons goed gedien sedert 1994.

- Ons is 'n funksionerende grondwetlike demokrasie met onafhanklike howe.
- Ons het 'n vryemarkstelsel en ons het weer by die wêreld aangesluit.
- Ons geniet vryheid van spraak en uitgesproke onafhanklike media;
- Wit Suid-Afrikaners - en Afrikaners - tel ironies genoeg onder die hoof ekonomiese begunstigdes van hierdie nuwe bedeling.

Nou in 2016 word ons egter weer gekonfronteer deur die vrese waarmee ons in die middel-1980s geworstel het:

- Die lewensvatbaarheid van ons grondwetlike demokrasie word ernstig uitgedaag deur President Zuma se kaping van belangrike staatsinstellings en die wydverspreide korrupsie wat hy fasiliteer en verdedig.
- Die SAKP is steeds verbind tot die daarstelling van 'n kommunistiese staat. Tot met sy jongste uitval met President Zuma se faksie het dit geblyk om goeie vordering in hierdie rigting te maak.
- Die ernstigste hiervan is dat die nie-rassige en multikulturele aard van die staat wat ons in 1994 daargestel het, progressief ondermyn word.

Ons regering betaal nie eens meer lippediens oor die bepalings in ons Grondwet wat die veeltalige en multikulturele aard van ons samelewing erken nie:

- Die reg op onderwys in die taal van jou keuse verkeer onder geweldige druk;
- Voormalige Afrikaanstalige universiteite verwater of doen afstand van hul verbintenis tot Afrikaans in reaksie op eise vir demografiese verteenwoordiging en 'dekolonisering' -



**FW de Klerk**  
STIGTING

dikwels met die aktiewe samewerking van administrateurs en akademici wat dit goed bedoel;

- Die ANC-regering neem toenemend 'n openlik vyandige houding in teenoor wit Suid-Afrikaners, gebaseer op negatiewe rasgedefinieerde stereotipes, wat dit aktief bevorder;
- Dit bevorder beleidsrigtings wat doelbewus daarop gemik is om die belange van wit Suid-Afrikaners te benadeel op grond van hul ras. Die instelling van BBEE-beleid en demografiese verteenwoordiging beperk toenemend die kulturele en ekonomiese ruimte waarin minderhede aktief in bedryf mag wees;
- Opswepers soos Julius Malema en studente-betogers doen openlik 'n oproep tot geweld teen wit Suid-Afrikaners of tot die gewelddadige besetting van wit grond. President Zuma kyk stilswyend toe - of is dit goedkeurend?
- Die ANC-regering behandel ons kultuur met minagting, deur 'n persoon met geen verbintenis tot Afrikaans aan te stel as Voorsitter van die Afrikaanse Taalmonument;
- Ons hoogste hof impliseer dat ons kultuur en ons historiese erfenis nie die beskerming van die Grondwet geniet nie. Een van sy lede het gesê dat ons *"traditions belong in the dustbins of history where they ought to be buried."*

Ons sal onself mislei as ons tot die gevolgtrekking sou kom dat die Afrikaners nie weereens 'n ernstige uitdaging die hoof moet bied nie - net soos die geval in 1899 was toe Kaapse Afrikaners saamgestaan het ter verdediging van hul mense.

Die vraag is hoe ons op hierdie bedreigings moet reageer?

Eerstens moet ons 'n meer gebalanseerde siening ontwikkel oor ons verlede en onself bevry van die las van skuldgevoel wat baie van ons skaam maak oor wie ons is.

Ons moet 'n gebalanseerde begrip hê van ons verlede - nie een wat gebaseer is op 'n eenvoudige raamwerk van swart/wit, goed/boos nie - maar op die oneindige skakerings van grys wat die geskiedenis van alle nasies kenmerk.

As Christene moet ons ons oortredings erken - maar daar is geen vereiste vir ons om moreel ondergeskik te voel nie - en minste van almal aan korrupte politici, Marxistiese-Leniniste en rassistiese opswepers nie.

Die tweede probleem wat ons moet oorkom is om te besef dat ons nie magteloos is nie.

Te dikwels versuim ons om ons regte op te eis omdat ons daarvan oortuig is dat ons te min en te swak is om 'n verskil te maak.

Dit is verkeerd.

Die Grondwet ken aan ons almal aansienlike magte toe om ons regte te beskerm:

- Ons het vrye media en die reg op vryheid van spraak.



**FW de Klerk**  
STIGTING

- Ons het die reg om te vergader, te betoog, betooglinies te vorm en om petisies voor te lê.
- Ons het die reg om te staak om ons belange te beskerm.
- Ons het die reg om vrylik aan politieke aktiwiteite deel te neem. Ons moet dit gebruik om aan te sluit by die politieke partye van ons keuse en om NROs te ondersteun wat die sake bevorder wat ons steun.
- Ons het die reg op toegang tot die howe. Ons moet onverbiddelik veg teen ongrondwetlike wetgewing in die howe. Hierdie taak moenie oorgelaat word aan 'n paar toegewyde NROs nie. Ons moet almal betrokke raak by die ondersteuning van litigasie ter verdediging van die grondwet.

Indien ons die reg van ons mense om te oorleef wil verdedig - soos ons voorvaders in 1899 gedoen het - moet ons die volgende doelwitte verwesenlik - waarvan almal in die Grondwet verskans word:

- Ons moet aandring op ons grondliggende regte op gelykheid en nie-rassigheid. Die idee van 'n hiërargie van rasse - of dat die norm van menslike bestaan in Suid-Afrika swart is - is heeltemal onversoenbaar met die Grondwet;
- Ons moet aandring op ons reg om die taal van ons keuse te praat en om ons kultuur uit te lewe. Ons moet die rassistiese idee verwerp dat ons 'kolonialiste' is - indringers wat geen plek in Afrika het nie;
- Ons moet enige beleid uit enige oord verwerp wat gebaseer is op onregverdige diskriminasie - met inbegrip van beleid wat gebaseer is op die konsep van demografiese verteenwoordiging.
- Ons moet onself verbind tot baie meer doeltreffende en nie-rassige benaderings tot die grondwetlike imperatief van die bevordering van gelykheid;
- Ons moet aandring op respek vir die amptelike status van ons taal, saam met al Suid-Afrika se ander amptelike tale;
- Ons moet aandring op ons reg op onderwys in die taal van ons keuse. Ons moet die rasse-oorheersing inherent aan die idee dat alle skole, universiteite en instellings die nasionale demografie moet weerspieël, verwerp.

Ons is nou aan die regte kant van die geskiedenis:

- Die waardes en benaderings wat ons steun is in ooreenstemming met die waardes van die internasionale gemeenskap;
- Dit is in ooreenstemming met die grondliggende waardes in ons Grondwet;
- Toenemend vind ons onself aan dieselfde kant as dapper swart, bruin en Indiese Suid-Afrikaners wat ons verbintenis tot die verdediging van die Grondwet met ons deel.

So ons is glad nie magteloos nie.

Ons moet die mag waaroor ons beskik, gebruik om die visie wat in ons Grondwet verskans word te verwesenlik:



**FW de Klerk**  
STIGTING

- Ons moet strewen nie net na die behoud van ons eie regte nie - maar die regte van alle Suid-Afrikaners.
- Ons moet die morele hoë grond behou deur vas te staan oor die Grondwet wat ons almal ter goeder trou onderhandel het tussen 1990 en 1996.
- Ons moet die instellings, wat dit gestig het, verdedig - met inbegrip van die howe en die Hoofstuk 9-instellings - nie net vir onself nie, maar vir die beskerming van die regte van almal in die land.

Die toekoms van ons mense is weereens in ons hande - nes dit in 1899 was toe Kaapse Afrikaners hulself verbind het tot die stryd om Reg en Vryheid. Dit is vir ons om die uitdaging te aanvaar en om te bepaal of ons Afrikaners ons reg op vryheid in Suid-Afrika sal handhaaf in vreedsame saambestaan met al ons mede-Suid-Afrikaners - en of ons verskonend sal buig op die verhoog van die geskiedenis om 'n voetnota in die storie van ons vasteland te word.

Bo alles moet ons voortgaan om ons vertrouwe in die God van ons voorvaders te plaas, wat ons regdeur al die uitdagings van ons bewoë geskiedenis gelei en beskerm het.